‘n Professionele en vriendelike persoon met baie goeie menseverhoudinge word benodig om die volgende posisie by Oranjerivier Wynkelders se hoofkantoor in **Upington** te beklee:

# INTERNE OUDITEUR

Die geskikte kandidaat is ‘n emosioneel volwasse persoon met sterk analitiese vaardighede, goeie kennis van interne beheermaatreels, risiko bestuur toepassing, onafhanklike, objektiewe en etiese oordeel wat goeie verslagdoening en kommunikasie vaardighede het. U beskik oor goeie kommunikasie vaardighede om die substansie van beginsels effektief oor te dra en verbeterings te implementeer en te moniteer.

U is toepaslik gekwalifiseerd met ‘n graad en/of diploma in Interne Ouditkunde of Finansiële Rekeningkunde naamlik, B Comm/pt en of gelykwaardige diploma. Professionele registrasie soos SAIPA, SAICA of CIA word as vereiste gestel. U het minstens drie jaar ondervinding in ‘n soortgelyke posisie en verdere bewese ervaring sal in u guns tel. U is rekenaarvaardig in MS Office, die Internet en beskik oor ‘n geldige E of EB voertuiglisensie. U sal rapporteer aan die Finansiële Direkteur en verantwoordelikhede sluit in:

- Oorsig, ontwikkeling en hersiening van interne kontroles, finansiële en operasionele prosesse;
- Identifiseer swakhede, risiko’s en moontlike bedrog;
- Voer risiko basseerde oudite uit;
- Assesering van die nakoming van toepaslike wetgewing en statutêre vereistes;
- Evaluasie van risiko’s en aanbevelings vir die mitigasie van moontlike risiko’s;
- Ondersoek en verslagdoening t.o.v. bedrog en moontlike bedrieglike aangeleenthede;
- Monitor of bestuur regstellende stappe se implemetering en voer opvolg oudits uit.

Die vergoedingspakket is onderhandelbaar en sal vasgestel word ooreenkomstig kwalifikasies en ondervinding. Voordele wat in die pakket vervat sal word sluit in lidmaatskap tot ‘n mediese- en aftreefonds asook ruim jaarlikse verlof.

Aansoeke kan per e pos versend word aan Die Uitvoerende Bestuurder: Korporatiewe dienste by: hr@owk.co.za. Vir meer inligting kan u met Renthia Wolmarans skakel by (054) 3378800.

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 13 Februarie 2026**

Kandidate wat geen reaksie ontvang vier weke na die sluitingsdatum nie, kan aanvaar dat hul aansoek onsuksesvol was. Die adverteerder is onder geen verpligting om die posisie te vul nie.